83-1641 KITAL

Kleredrag in die kerk

D J C van Wyk

1641

Die gawe van onderskeiding

Een van die gawes wat die Heilige Gees aan 'n mens gee, is die gawe van onderskeiding. Die mens word beveel om dinge, mense en magte waarmee hy in aanraking kom te toets en te ontleed. So moet hy leer om te onderskei tussen waar en vals, lig en donker. As die mens hierdie helder onderskeidingsvermoë leer beoefen het, is dit nie 'n groot prestasie van homself nie maar 'n deug, 'n gawe wat die Heilige Gees hom geleer het.

Hierdie onderskeidingsvermoë het ons in die moderne wêreld veral broodnodig. Die mens word daagliks gekonfronteer met talle verskynsels en situasies waaroor hy beslissings moet neem. Een daarvan is om die waarde en belangrikheid van dinge te kan beoordeel en te bepaal, om te kan sien waarom dit eintlik gaan, wat belangrik is en wat nie. In die kerk en geloofslewe is daar dinge wat beslissende, finale betekenis het: Jesus is die Here! Niemand kom na die Vader behalwe deur Hom nie! Uit *genade* is julle gered! Glo in die Here Jesus en jy sal gered word! Daar is ander dinge wat van middelmatige belang is.

Uit die regte onderskeidingsvermoë vloei 'n ander baie belangrike saak voort: ewewigtigheid. Moenie op loop sit met dinge nie. Moenie sommige dinge in jou lewe of geloof oordryf en ander verwaarloos nie. Lê die klem op die belangrike dinge.

Ten opsigte van kleredrag is dit ook belangrik. Oor kleredrag, soos met baie ander dinge in die kerk, kan mense maklik 'n onewewigtige houding inneem. Sommige mense heg te veel waarde aan die uiterlike. 'n Mens sou sê die saligheid hang daarvan af! Dis die ou gevaar van formalisme wat die kerk en die geloof nog altyd bedreig het. Werklike geloofskrag en godsvrug het gesterf. Die mens mis dit en nou wil hy met uiterlike gedoentes soos kleredrag probeer regmaak en vergoed vir wat verlore gegaan het.

Maar daar is ook 'n ander vorm van onewewigtigheid en gebrek aan onderskeidingsvermoë. Dit is die houding en soort argumente wat vandag volop is: uiterlike dinge en vorms, en daarom ook kleredrag het *geen* betekenis nie. Maar dit is nie waar nie. Dit is nêrens in die lewe waar nie en dit is ook nie in die kerk

waar nie. Dit is doodgewone logika. As 'n man gaan trou, jou bruid gaan ontmoet, trek jy nie kakieklere aan nie, maar die beste wat jy het. Die erediens verg van die mens waardige optrede, gedrag en kleredrag. Klere maak 'n mens nie salig nie. As omstandighede dit die dag onvermydelik maak dat 'n mens met 'n safariepak of kaalvoet moet kerk toe gaan, is dit goed. Maar onder normale omstandighede sal dit verkeerd wees. Waarom neig die mens altyd om die swakste en slordigste wat hy het, in die diens van die Here te gee? Enige inhoud het 'n vorm nodig om in te bestaan. Die regte inhoud van die geloof is godsvrug, dankbaarheid, diens aan God. Maar al die pragtige dinge van die geloof hang nie sommer in die lug nie. Dit moet in 'n bepaalde vorm gegiet word om te kan bestaan. So is dit met kleredrag in die kerk. Dit is nie belangrik nie. 'n Mens hoef nie daaroor 'n twis in die kerk op tou te sit nie. Maar as deel van die uiterlike vorm waardeur 'n mens onteenseglik iets van homself, sy oortuigings en karakter uitstraal en die wêreld instuur, is dit onmisbaar.

Die vrou en die hoed

In die gesprek oor kleredrag het die vraag oor die hoed nogal op 'n stadium "belangrik" geword. Baie gelowiges het die vraag oor die hoed van die vrou eenvoudig oorgeslaan, die hoed oorboord gegooi en die saak as afgehandel beskou. Vir hulle is die hele kwessie te veel verstrengel met die wisselende op en af van wispelturige giere, grille en modes van die mens. Daarom is dit ondenkbaar dat die hoed vir die geloof van enige betekenis kan wees.

Baie ander en veral ouer mense hou nog steeds vas aan Paulus se uitsprake in 1 Korintiërs 11:2-16 en beskou dit as noodsaaklik dat die vrou moet "hoed" as sy kerk toe gaan. Dit is ook 'n interessante vraag om op in te gaan: Waar kom die gebruik onder Afrikanervroue vandaan om hoede op te sit kerk toe? Spruit dit uit uitsprake soos hierdie van Paulus in 1 Korintiërs 11, of is dit maar deel van 'n algemene vorm van deftige kleredrag uit die verlede?

Hoe moet 1 Korintiërs 11:2-16 verstaan en uitgelê word? Dit is 'n Skrifgedeelte waaroor daar al baie on-

duidelikhede was en nog steeds is. Afgesien daarvan, lyk dit nogtans moontlik om met redelike sekerheid 'n paar afleidings te maak uit wat Paulus hier sê.

- Paulus se prediking oor die vryheid wat die geloof in Christus vir 'n mens bring, is in Korinte gehoor en het 'n sterk uitwerking gehad.
- As gevolg daarvan het daar 'n sterk "emansipasie" van die vrou ontstaan.
- Dit het daartoe gelei dat sekere gevestigde gebruike oorboord gegooi is, wat in 'n mate tot verwarring gelei het.
- Paulus word sodoende gedwing om leiding te gee en eie interpretasies te maak oor sake waarin die Here Christus nie self die rigting aangedui het nie.
- Afgesien van baie vaaghede en onduidelikhede is een ding waarom dit vir Paulus gaan baie helder: die Here God het vir die man en die vrou elkeen sy eie eer, geaardheid en plek gegee. Die Here het ook hulle verhouding tot mekaar en hulle verhouding, afsonderlik en gesamentlik, tot Hom bepaal.
- In hierdie orde en verhouding is dit vir die mens belangrik om te weet dat die man die hoof is van die vrou en dat Christus die hoof is van die man.
- Paulus roep die Christene in Korinte op om hierdie orde en verhouding te respekteer. Hulle moet dit nie versteur met 'n beroep op die vryheid wat Christus gebring het nie.
- Hy sluit aan by kulturele gebruike van dié tyd, bv dat die vrou nooit met ongesluierde of onbedekte hoof in die openbaar verskyn het nie. Dit was net die slegte vroue wat op hoerery uit was wat so sou verskyn.
- Paulus wil hê die vroue moet hulle so klee en hulle so gedra dat hulle in onderskeid van die man hulle plek, eer en waardigheid as vroue sal behou. Die mans moet dieselfde doen.

Dit is hoogs twyfelagtig of hierdie uitsprake van Paulus so opgeneem kan word dat vroue tot vandag toe hoede na die kerk moet dra. Daarvoor hou sy uitsprake te veel verband met die omstandighede en die kultuur van sy tyd en het nie genoeg gewig, betekenis en inhoud *ten opsigte van die geloof, die verlossing in Christus, die*

dinge waar dit werklik op aankom, om 'n wet of eis daar te stel dat vroue altyd hoede moet dra na die erediens toe nie. Daarom kan nie van die kerk verwag word om so 'n wet te maak nie.

Die vrou, haar vroulikheid en verantwoordelikheid

Die kerk het dus uitspraak gegee dat hy nie oor die hoed van die vrou 'n wet wil maak nie. Nadat dit afgehandel is, bly daar nog 'n paar dinge oor om vir die vrouelidmate van die kerk van Christus in hierdie moderne wêreld te sê.

- Die vrou beleef vandag weer 'n keer 'n ongekende emansipasie. Dit is asof vroue opnuut weer hulle vryheid ontdek. Die kerk het daarteen op sigself min beswaar. Die kerk kan selfs aantoon dat hierdie vryheid en emansipasie gedeeltelik 'n gevolg is, die vrug is van die verkondiging van die evangelie van Christus.
- Die kerk kan dus die vrou oproep om in die vryheid in Christus te staan en te lewe en haar deur niks en niemand te laat verkneg nie.
- Maar die kerk moet dit ook aanhou inskerp by die vrou: hierdie vryheid sluit verantwoordelikheid in.
- Vrouens wat hulleself "sterk" ag in die geloof, moet nie met 'n beroep op hulle vryheid in Christus en wat hulle as geoorloof ag, die orde in die gemeente versteur, ander gelowiges aanstoot gee of 'n medemens ten gronde rig nie.
- Die gebruik dat vroue hoede dra, is nog gebruiklik in baie gemeentes van die kerk. Al is dit dan nie 'n Bybelse eis of kerklike wet nie, is dit nog deel van die kulturele agtergrond en gebruik van ons tyd.
- Paulus sou sekerlik in hierdie omstandighede vir die vrou iets te sê gehad het; al sou hy miskien nie 'n geloofsaak daarvan maak nie. Maar hy sou waarskynlik gesê het dit is onvanpas vir die jong vroue en veral die jong predikantsvrou om *voorbok* te wees in die negering van hierdie gebruik.
- Daar *is* rede om die vroue te vermaan om hulle so aan te trek dat hulle kleredrag, soos hulle gedrag in die algemeen, hulle roeping as Christene waardig is.

KITAL

- Daar *is* rede om die vrou te vermaan om die orde, verhouding en plek wat God vir haar daargestel het, te eerbiedig. Sy moet waak om nie haarself en haar vroulikheid in haar nuutgevonde vryheid te verloor nie.
- Dit moet haar vaste voorneme bly om deur die genade van God by haar belydenis te bly, die sonde te versaak en 'n Christelike lewe te lei.

('n Uitgawe van die Raad vir Studentebearbeiding
Ned Hervormde Kerk)

HAUM

Posbus 460, Pretoria

Gedruk deur N H W -Pers, Posbus 18061, Hercules 0030